FRIKKIE FLINKDINK

Rede-kabel GESPREKKEREEKS

NWU Besigheidskool / Media24 Feeskafee

AKTUELE GESPREKKE

Toegang: *gratis*

IN VENNOOTSKAP MET: Beeld

DINSDAG 3 OKTOBER – 10:00

Sepie, sepie aan die wand

Gespreksleier: *Ivor Price, skrywer en mediapersoonlikheid*

Met *Christo Davids (7de Laan), Gideon Lombard (Suidooster), Elsje Stark (skepper van Generations en Binnelanders)*

TV-sepies is nie 'n advertensie vir 'n perfekte samelewing nie, maar kan tog sosiale kohesie beïnvloed. Bekende akteurs en ander kenners praat prontuit oor die rol en impak van sepies in 'n land soos Suid-Afrika. Bied sepies bloot net vermaak en ontspanning, of kan dit 'n meer betekenisvolle rol speel? En wat dan van bewerings dat TV-stasies en -vervaardigers die sepies inhoudelik manipuleer?

WOENSDAG 4 OKTOBER – 10:00

Vroue is vry, maar is hulle werklik gelyk?

Gespreksleier: *Kabous Meiring, aanbieder van Prontuit op kykNET*

Met *prof. Christina Landman (Unisa), prof. Elmien du Plessis (Noordwes-Universiteit)*

Daar is sprake dat Suid-Afrika se volgende president dalk 'n vrou kan wees, en vroue swaai toenemend die septer in die politieke en sakewêreld. Ten spyte van dit is daar tog 'n gevoel onder vroue dat hulle nie werklik gelyk is nie. Boonop is daar 'n oplewing in die mishandeling van vroue in die gesinsverband.

DONDERDAG 5 OKTOBER – 10:00

Afrikaner. Afrikaans. Afrikaanssprekendes.

Gespreksleier: *Barnard Beukman, redakteur van Beeld*

Met *Danny Titus (ATKV), prof. Wannie Carstens, oudregter Johann van der Westhuizen, Willie Spies (prokureur van AfriForum en betrokke by Pretoria FM)*

Wie is ons en waarheen is ons op pad? En hoe reageer ons op die druk op Afrikaanse skole en universiteite? Dit blyk ook dat Afrikaans in die howe geminag word. Ons vra al die harde vrae, soos of die Grondwet werklik genoeg beskerming vir die taal bied. Waarin lê die toekomstige oorlewing en ontwikkeling van Afrikaans?

VRYDAG 6 OKTOBER – 10:00

Politieke kristalbal

Gespreksleier: *Anita Visser, medeaanbieder van Monitor op RSG*

Met *dr. Mathews Phosa, Theo Bekker en prof. André Duvenhage (Noordwes-Universiteit), John Steenhuisen (DA), Supra Mahumapelo (ANC)*

Sommige mense voorspel 'n onverwagse wederkoms vir die ANC; ander meen die DA en die EFF kan dalk in die 2019-verkiesing saam die politieke mag kry. Of word die tafel dalk eerder gedek vir 'n regering van nasionale eenheid? Van die land se top-politici en politieke wetenskaplikes praat oor die opkomende 2019-verkiesing en die politieke scenario's.

NETWERK24: SAKE & SAUVIGNON

Gespreksleiers: *Theo Vorster (Galileo Capital) en Hanlie Stadler (sakeredakteur van Netwerk24)*

Toegang: *Gratis*

Hanlie Stadler
Netwerk24

Theo Vorster
Galileo Capital

Dinsdag 3 Oktober - 14:00

Millenniërs en hul geldsake

Jonges het die voordeel van tyd en moet die beginsels van saamgestelde groei vir hulle laat werk. Die belangrikste besluite wat jy reeds vroeg in jou werkloopbaan moet neem, asook van die mees algemene foute kom onder die loep.

Woensdag 4 Oktober - 14:00

Beleggings in moeilike tye

Dis so maklik om in die korttermyn-markgeraas vasgevang te word en dan verkeerde sakebesluite te neem. 'n Paar langtermyn-beginsels word bespreek, en daar is ook raad oor hoe om tussen geraas en rasionele besluite te onderskei.

Die EFF-leier, Julius Malema, is gereeld in die sop omdat hy mense aanmoedig om grond landwyd te beset. Foto: Beeld

Dinsdag 3 Oktober - 18:00

Grondhervorming in Suid-Afrika

Gespreksleier: *Suzanne Paxton, aanbieder van Spektrum op RSG*
Met *Francois Strydom (Senwes), Theo Boshoff (Agbiz), Theo Venter (NWU), Bantu Holomisa (UDM), Floyd Shivambu (EFF)*

Opruiende politieke uitlatings oor grond en grondhervorming maak boere baie benoud. Maar die regering hou vol ons sal nie dieselfde paadjie as Zimbabwe loop nie. Top-landboukenners en politici bespreek grondhervorming vanuit 'n politieke en maatskaplike perspektief.

Woensdag 4 Oktober - 18:00

Verbeter só landbouproduktiwiteit

Gespreksleier: *Dawie Roodt (Efficient-groep)*
Met *dr. Johnny van der Merwe (NWU), Requier Wait (Agri SA), Wessel Lemmer (Absa)*

Die landboubedryf moet wêreldwyd in die volgende 35 jaar net soveel kos produseer as in die afgelope 500 jaar. Dis 'n geleentheid van 'n leeftyd, maar skrikwekkend vir boere wat reeds met kwynende winsmarges en droogtes worstel.

Donderdag 5 Oktober - 14:00

Moet ek my geld landuit vat?

Diversifikasie tussen bateklasse en geldeenhede bly 'n bousteen van elke beleggingsportefeulje. Ons praat oor die elemente wat jy in ag moet neem om te besluit hoeveel geld jy in die buiteland behoort te belê.

Vrydag 6 Oktober - 14:00

Beplan vir jou goue jare

Wanneer het jy genoeg om te kan aftree? Om te verseker dat jy met genoeg kapitaal kan aftree, moet jy die somme agter die berekeninge verstaan. Die wiskunde agter jou aftrede word bespreek, saam met die rol van jou uitgawes, begroting, bateklastoewysing en maandelikse onttrekking.

Landbou & Braaivleis

MOONTLIK GEMAAK DEUR: Kimleigh Chemicals
IN VENNOOTSKAP MET: Landbouweekblad
ONDERSTEUN DEUR: Absa

Landbougesprekke: *Toegang gratis*
Landbou & Braaivleis: *R120 (kaartjies by Computicket)*

Donderdag 5 Oktober - 18:00

Plaasveiligheid

Gespreksleier: *Suzanne Paxton, aanbieder van Spektrum op RSG*
Met *Francois Strydom (Senwes), Kobus Visser (Agri SA), Henry Geldenhuys (TLU SA), Frans Marx (Suidwes Landbou)*

Baie boere oorweeg om eerder die handdoek in te gooi weens 'n dramatiese toename in plaasaanvalle en -moorde. Die ontbinding van die kommandostelsel en uitdagings met veral sektorpolisiëring laat boere en hulle plaaswerkers weerloos. Hulle het egter nie 'n tekort aan kreatiwiteit en dryfkrag om die probleme te oorkom nie, of hoe?

Vrydag 6 Oktober - 18:00

Landbou in resessie

Gespreksleier: *Suzanne Paxton, aanbieder van Spektrum op RSG*
Met *dr. Pieter Mulder (voormalige adjunkminister van landbou), Pietman Roos (Agri SA), Loutjie Dunn (AFMA)*

Die ekonomie is dalk amptelik in resessie, maar boere is versigtig optimisties ná agt opeenvolgende kwartale van onderprestasie waarin landbou homself weens veral die droogte bevind. Dit lyk of die droogtesiklus 'n draaipunt bereik, maar die vraag is hoe ekonomiese prestasie in die bedryf gaan uitspeel, en watter impak dit op landbou gaan hê.

PRODUKSIE-BESTUURKURSUS

@ NWU Besigheidskool / Media24 Feeskafee

ONDERSTEUN DEUR: ATKV

SO, JY DINK JY KAN 'N PRODUKSIE BESTUUR?

– alles wat jy nog graag wou weet as opkomende produksiebestuurder

'n Reeks van 4 Werkswinkels

Koste: Slegs R 475/persoon om al 4 werkswinkels by te woon OF R 200/ werkswinkel as jy net 1 – 3 van die werkswinkels wil bywoon.

In samewerking met SAAFF (Feesteforum) en Artema bied Aardklop vir produksiebestuurders in die kunste 'n omvattende kursus aan. Toonaangewende en ervare teatermakers vorm deel van die paneel aanbieders.

DINSDAG 3 OKTOBER: WERKSWINKEL 1

Die prentjie van produksiebestuur

Aanbieder: *Alexa Strachan (Feesbestuurder: Aardklop)*

- Die feeste-konteks in ons dierbare SA
- Wat verwag feeste van produksiebestuurders?

Aanbieder: *Hugo Theart (Kreatiewe hoof: KKNK)*

- Wat is produksiebestuur?
- Hoe verskil dit van vervaardiging?
- Uitdagings / Slaggate in produksiebestuur
- Moets en moenies van produksiebestuur

08:30 – 10:30

WOENSDAG 4 OKTOBER: WERKSWINKEL 2

Ama-ching-ching

Aanbieder: *Saartjie Botha (Feesbestuurder: US-Woordfees)*

- Finansiële beplanning vir produksies
- Produksiebegrotings
- Kontantvloei en begrotingsbestuur Aanbieder: Karen Meiring (Hoof: Afr. Kanale M-Net)

Aanbieder: *Ismail Mohammed (CEO: Market Theatre Foundation)*

- Vennootskappe / befondsing / fondswerwing
- Gemeenskapskunste-ontwikkeling

08:30 – 10:30

DONDERDAG 5 OKTOBER: WERKSWINKEL 3

Die mense, "deals" en liggies

Aanbieder: *Yolandi Calitz (Regsafdeling – NWU)*

- Kontraktering van kunstenaars
- Kopiereg / Regsaanspreeklikheid

Aanbieder: *Pieter-Jan Kapp (Professionele Produksiebestuurder)*

- Tegniese aspekte / tegniese bestuur
- Logistiek

08:30 – 10:30

VRYDAG 6 OKTOBER: WERKSWINKEL 4

Skreeu dit van die dakke af!

Aanbieder: *Suzaan Keyter (Publisiteitsbestuurder: kykNET)*

- Bemarking, kommunikasie

Aanbieders: *Angerie van Wyk (Bemarkings-bestuurder: kykNET), Wilmer Müller (WM-Media)*

- Sosiale media-bemarking
- Moets en moenies / Slaggate
- Saamstel van media-pakkette
- Verhoudingsbestuur ("PR") / Netwerke

08:30 – 10:30

Inskrywingsvorms: Kontak vir Chris de Bruyn by artema@nwu.ac.za of 082 855 7962.
Sluitingsdatum: Vrydag 29 September 2017. Slegs 20 plekke per werkswinkel beskikbaar.